

Donderdag 17

SKRIFGEDEELTE: EKSODUS 2:15-22; 18:10-27 (NAV)

FOKUSGEDEELTE: EKSODUS 2:18; 18:10-11

God gebruik Reüel in die lewe en die dienswerk van Moses

Reüel (of Jetro, soos hy ook bekendgestaan het) was 'n priester in Midian. Hy kom uit die nageslag van Abraham, want hy was 'n seun van Ketura, die tweede vrou van Abraham. Reüel beteken “vriend van God”.

Reüel het 'n belangrike rol in die lewe van Moses gespeel. Nadat die Here Moses as kindjie op 'n wonderbaarlike manier gered het, word hy aan die farao se paleis grootgemaak en opgevoed. Dan slaan hy egter 'n Egiptenaar dood en hy moet uit Egipte vlug. Ná hierdie gebeurtenis lyk Moses se wonderbaarlike redding en opvoeding in Egipte sinloos, maar die Here bring Reüel (Jetro) oor Moses se pad: Moses help Reüel se dogters by die put. Reüel bewys gasvryheid deur hierdie “vreemdeling” (“Egiptenaar”) aan huis te neem en toe te laat dat Moses met sy dogter Sippora trou.

By Reüel leer Moses wat dit beteken om nederige dienswerk te doen, want hy pas die skape van sy skoonpa op. Hier leer Moses ook baie van die nomadiese lewe – iets wat hy later as leier van die volk Israel baie nodig sou hê. Moses leer by hierdie priester hoe gesonde regspraak lyk en hy leer ook hoe om te organiseer en te deleger – seker een van die vroegste leierskapsmodelle wat vandag nog met vrug gebruik word.

Reüel self kom onder die indruk van die grootheid van die Here (Jahweh) en besing sy lof (Eks. 18:10-11). In die lewe van Reüel en Moses sien ons dat God die groot beplanner is en dat Hy oënskynlike doodloopstrate as paaie vir sy kind oopmaak. Christus word die Weg en die Waarheid en die Lewe deur Wie ons die ewige lewe ontvang.

Soos wat die Here hierdie situasie omgekeer het om sy plan met Moses en sy volk uit te voer, so gebruik die Here mense en omstandighede in ons lewens om ons uiteindelik in nederigheid en diensbaarheid aan Hom te laat groei.

Sing: Psalm 25:2 (1936)

Ds. AH (Abel) Steyn (Lydenburg)